

DOOP

Die doop gaan in die eerste plek oor die drie-enige God van liefde wat sy genade aan mense, wat dit nooit kan verdien nie, kom aanbied. Dit gaan nie oor perfekte mense wat op die een of ander manier, ouderdom of tydstop daarvoor kwalifiseer dat hulle deel van God se verbond mag wees nie.

Die doop mag nooit maar net 'n formaliteit word wat outomaties aan kerklidmate en hul kinders bedien word nie. Omdat die sakrament van die doop 'n sigbare deel is van God se genadeverbond met Abraham se nageslag, mag dit nooit los staan van 'n opregte liefdesverhouding teenoor God en 'n ernstige voorneme om in gehoorsaamheid vanuit sy genade te leef en jou nageslag deur woord en daad te inspireer om dieselfde te doen nie.

Die doop het, soos 'n diamant, verskeie fasette wat nie van mekaar geskei kan word nie en elkeen bydra tot die wonderlike boodskap van God die Vader se liefde vir mense, die verlossingswerk van sy Seun, Jesus Christus en die vernuwingswerk van die Heilige Gees.

Die doop dra, in die eerste plek, die betekenis van vereniging en inlywing:

- Wanneer ons in die Naam van die drie-enige God gedoop word, word God se Naam oor ons lewens uitgeroep. Daardeur word bevestig dat ons die eiendom van God is en dat Hy volle sê oor ons lewe het. Die persoon wat gedoop is kan leef onder die bevrydende gesag van die Here Jesus Christus en is nie meer uitgelewer aan die mag van die sonde en die Bose nie.
- Die doop verenig ons op 'n baie intieme vlak met Jesus Christus – só volledig dat ons 'n volle aandeel kry in alles wat Hy beleef het: veral sy kruisiging, sterwe, begrafnis, opstanding, hemelvaart en eendag ook in sy wederkoms en heerskappy oor alle dinge.
- By die doop word ons ook ingelyf by die liggaam van Christus, sy kerk. So word elke lidmaat, wat individueel met Jesus Christus verenig is, ook, soos die geval is met 'n menslike liggaam, onlosmaaklik aan mekaar verbind, ten spyte van uniekhede en verskille.
- By die doop word mense ook in die verbond van God ingelyf. Op verskeie plekke in die Nuwe Testament vind ons verwysings dat 'n gelowige en sy hele huisgesin gedoop is – 'n bevestiging van God se verbondsingesteldheid.

Die doop dra, in die tweede plek, die betekenis van reiniging en vergifnis:

- Daar is verskeie Skrifgedeeltes wat 'n noue verband tussen die doopgebeure en die kruisgebeure aandui. Die doopwater is dus 'n besondere heenwysing na die reiniging van sonde wat deur die bloed van Jesus Christus aan die kruis plaasgevind het. Die Heilige Gees kan hierdie reiniging van sonde op enige oomblik in die lewe van die gedoopte, soos dit Hom behaag, laat plaasvind.
- Dit is veral uit Petrus se preek op Pinksterdag duidelik dat daar 'n noue verband is tussen die doop en vergifnis van sonde, juis omdat dit in so 'n noue verband staan met die kruisiging en opstanding van Jesus Christus. Die persoon wat gedoop is het die versekering dat die bloed van Jesus Christus, soos versinnebeeld deur die water, gevloei het tot volkome vergifnis van die sonde.

Die doop dra, in die derde plek, ook die betekenis van die ontvangs van die Heilige Gees en die nuwe lewe:

- Op verskeie plekke in die Nuwe Testament word die doop en die Heilige Gees met mekaar in verband gebring, hoewel die Bybel nie 'n vaste volgorde tussen die doop en die ontvangs van die Heilige Gees aandui nie. Wat wel baie duidelik is, is dat die Here ons deur die sakrament van die doop verseker dat Hy deur sy Gees in ons wil woon en ons lewens daaglik so wil begelei dat ons hoe langer, hoe meer sy beeld vertoon.
- Die doop speel ook 'n betekenisvolle rol in die mens se ontvangs van die nuwe lewe. Ons ontvang egter nie die nuwe lewe noodwendig en outomaties op die oomblik dat ons gedoop word nie, maar op grond van die heilswerk van God in Christus en deur die geloof wat op die een of ander tydstip deur die Heilige Gees in ons harte gewerk word.

VRAE WAAROM DIE OUERS DUIDELIKHEID MOET HÊ

Wat beteken die belofte wat julle as ouers voor God maak wanneer julle kindjie gedoop word?

Waarom is dit vir julle belangrik dat julle kindjie gedoop moet word?

Hoe voorsien julle om by die gemeente in te skakel en by die gemeente-aksies betrokke te wees?

Bevestig asseblief met die kerkkantoor dat die gemeentepredikant daarvan bewus is dat julle graag julle kindjie wil laat doop. Hy sal 'n afspraak met julle maak om oor die doop met julle te kom gesels.

Indien julle reeds die aansoekvorm vir doop voltooi het en aan die kerkkantoor gestuur het, sou julle ook sommer direk met die predikant kon skakel vir 'n afspraak:

Ds. André Fitzgerald
 012 991 0821
 082 855 0691
 anfitz@telkomsa.net